15 Oktober Filippense 1:12-18

Die boeie van die wêreld kan die Evangelie en u as gelowige nooit vasbind nie

Wat is die boeie van die wêreld? Paulus se boeie was: Sy tronkstraf, wedersydse bekommernisse en onsuiwer motiewe waarmee Christus deur sommiges verkondig word.

Vanjaar is daar die volgende boeie: nuusmedia, vermaak, politiek, morele verval, die Bybel word verdraai en moet meer aanvaarbaar verbuig word en moeiliker lewensversorging. U kan nou self byvoeg wat is u boeie. Hoekom kan die Evangelie nie gebind word nie?

Die tronkstraf van die Apostel het eerder die verspreiding van die Evangelie bevoordeel as benadeel. Christus is juis toe verkondig. Paulus en die Evangelie het meer daardeur bekend geword. Deur sy waardige voorbeeld het hy mense tot harder werk aangespoor. Die Here slaan toe reguit houe met krom stokke. En dit was so dat die oomblik toe die Evangelie bedreig is, het die mense eers die waarde daarvan besef. Dus, God en sy Evangelie kan nie gebind word nie.

Wat word van ons verwag?

Jesus Christus het oorwin en dit moet ons aanspoor tot onbevreesde woordverkondiging deur woord en daad. In die hele proses mag ons posisie of eie belange nie voorop staan nie. Verdra eerder iemand wat die waarheid verkondig as om hom te verwerp. Omstandighede mag nooit 'n verskoning wees nie. Omstandighede mag ook nie 'n verleentheid wees nie, eerder 'n geleentheid. Ons het baie rede om bly te wees in Christus. Christus moet meer word en ek moet minder word.

Ds. J. van Schaik (Ermelo)